

Eldo-Gespreksgids

Nog een jaar

Lukas 13: 6-9

Lukas 13 begin met twee tragedies. Eerstens word Jesus vertel van Galileërs wat deur Pilatus laat doodmaak is terwyl hulle offers gebring het. Daarna verwys Jesus self na agtien mense wat gesterf het toe die toring van Siloam op hulle geval het. Die mense van daardie tyd het maklik geredeneer dat groot lyding die gevolg van groot sonde moes wees. Jesus verwerp egter hierdie eenvoudige verklaring. Hy sê nie dat die slagoffers groter sondaars was as ander mense nie.

Jesus verander eerder die fokus. Die vraag is nie: **“Waarom het dit met hulle gebeur nie?”** maar: **“Hoe leef julle met die tyd wat julle nog ontvang het?”**

Daarom volg die oproep tot bekering. Bekering beteken meer as om jammer te voel oor iets verkeerd. Dit beteken om om te draai, van rigting te verander en terug te keer na God. Jesus vertel dan die gelykenis van 'n vyebroom wat vir drie jaar geen vrug dra nie.

Vir 'n boer in Jesus se tyd was dit ernstig. Grond was kosbaar en moes kos en inkomste lewer, want dit het gegaan oor oorlewing. 'n Boom wat water, voedingstowwe en ruimte gebruik maar geen vrug dra nie, was 'n las. Daarom is die eienaar se besluit verstaanbaar: “Kap hom uit.”

Maar dan tree die tuinier tussen die boom en die eienaar in. Hy vra vir nog een jaar en belowe om rondom die boom te spit en dit te bemes. Dit is die verrassende deel van die verhaal, die boom kry nie net meer tyd nie, maar dit kry meer sorg.

Hierin sien ons iets van God se genade. Genade beteken nie dat vrug onbelangrik is nie. Inteendeel, God se genade werk juis in ons sodat ons ander mense se lewens kan verander. In Lukas 3 word die vrug van bekering baie prakties beskryf: deel met ander, leef eerlik, moenie mense uitbuit nie en behandel mense reg.

Die vraag van Lukas 13 is daarom nie bloot of ons godsdienstig lyk nie. Die vraag is: **Dra ons lewens vrug?** Word ons meer liefdevol, meer genadig, meer eerlik, meer diensbaar en meer soos Christus?

Die gelykenis het 'n oop einde. Ons hoor nooit of die boom later vrug gedra het of nie. Dit laat die vraag by ons: **Wat gaan ons met “nog 'n seisoen” doen wat God aan ons gee? Gaan ons net mooi groen blare dra, of gaan ons vrug dra?**

Gespreksvrae

- Waarom dink jy is dit vir mense maklik om lyding of tragedie aan iemand se sonde te verbind?
- Watter soort “vrug” behoort ander mense prakties in 'n Christen se lewe te kan sien?
- Is daar 'n area in jou lewe waar God tans dalk “om die wortels spit” en jou roep om te verander?